

9  
Oktober

NG Gemeente  
Kogelberg

2026

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 11 OKTOBER 2026 SE EREDIENSTE:**

**08:00**

**Kuierkerk**

Stephan Naudé

Matteus 22:1-14

**09:00**

**Hangklipkerk**

Hendrik Saayman

Matteus 22:1-14

**10:00**

**Kleinmondkerk**

Stephan Naudé

Matteus 22:1-14



LIG | DEERNIS | HOOP



# Genooi om te floreer

Matt 22:1-14

Ds Stephan Naude

08:00 @ Kuierkerk

10:00 @ Kleinmondkerk



## Save the Date

Jy is uitgenooi na die  
bruilofsmaaltyd van die Lam

 Matteus 22:1-14

 11 Oktober 2026

 09:00

 Hangklipkerk

 Hendrik Saayman



Kleinmondkerk se erediens  
word op ons YouTube-kanaal  
uitgesaai.

# YouTube

 <https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond>



# Deuroffers



*Innige simpatie en meegevoel aan  
Pieter van Dyk en familie met die  
afsterwe van Theresa (BB2).*



# Kogelberg Kids



11 Oktober 2026



17:00



Kerksaal

**Behoort | Bid | Leer | Dien**

As jy Sondag (11 Oktober) van  
17:00 - 18:00 wil saam bid met die  
oog op die verkiesing is jy welkom  
om by Ds Hendrik Saayman se  
huis **(Kusweg 40, Kleinmond)** aan  
te sluit.



welkom  **INTREKKERS** NUWE

**Marina Loubser** van Magalieskruin-Pretoria (KP2)

Mag jy geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.

Mag jy voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.

# **DIE VOLGENDE LIDMATE IS VERKIES TOT WYKSOUERLINGE VAN DIE GEMEENTE**

Ons maak graag hulle verkiesing as wyksouderlinge aan die gemeente bekend.

## **Kleinmondstreek**

Jannie Hougaard (Sa3)

Ninnie du Toit (Sb2)

Deon Louw (Sc4)

Nols Burger (Sc-blok)

Johan Kruger (Bb4)

Attie van Wijk (KP1)

Danie de Vaal (KB3)

Annetjie Strever (KB6)

## **Hangklipstreek**

Dirk Reitzema (BB3)

Isak Ludick (BB6)

Volgens die Kerkorde (reglement 6) word die naam van die lidmaat twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie bekendgemaak. Indien enige lidmaat beswaar wil maak teen die verkose kerkraadslid, kan die beswaar skriftelik by die kerkkantoor voor Woensdag 14 Oktober 2026 ingedien word.

As daar geen beswaar teen hulle leer of lewe ingebring word nie, sal hulle DV op Sondag 18 Oktober 2026 (tydens die gesamentlike Verjaardagfeesdiens) bevestig word in hulle amp.

# Gebed met die oog op die verkiesing

Teen die tyd is ons almal sekerlik oortuig van die belangrikheid van die komende verkiesing op die 4e November. Ek dink daar is twee baie belangrike goed wat ons behoort te doen:

Die eerste is om self te gaan stem en ander aan te moedig om dit ook te doen.

Die tweede, en dalk die belangrikste, is om te bid vir die hele proses. Geen raadsaal, kantoor of geheime plekke waar planne gesmee word, kan nie deur gebed geïnfiltreer word nie. Ons mag nie die krag van gebed onderskat nie.

## Gebedspunte vir die week:

1. Verootmoedig ons voor God. (2 Kronieke 7:14)
2. Erken ons afhanklikheid van Hom. (Psalm 121)
3. Bid vir die verkiesingskommissie vir eerlikheid, deursigtigheid en integriteit.
  1. Bid teen intimidasie en misleiding
  2. Bid teen afpersing en omkoperij

U word weer genooi om Sondag tussen 17:00 en 18:00 saam te kom bid by Kusweg 40.

Groete

Hendrik Saayman

Groete

# 'n Gebed vir matrikulante wat die week begin met hul indeksamen

Hemelse Vader,

Ons dra ons matrikulante vandag spesiaal aan U op.

Dankie dat U hulle deur hul skooljare gelei en die vermoë geskenk het om te leer, te groei en soveel nuwe dinge te ontdek.

Here, hulle staan nou op die drumpel tussen gister en môre, tussen kindwees en grootmenswees. Miskien voel hulle opgewonde, of soms ook bang en oorweldig.

Mag elkeen van hulle nie net U voortdurende nabyheid ervaar nie, maar ook kalmte en vrede wanneer hulle voor 'n moeilike vraestel sit.

Skenk aan hulle insig, wysheid en 'n helder verstand om te onthou wat hulle vooraf geleer het.

Hemelse Vader, bewaar hulle van spanning en angs, sodat dit nie hul gedagtes en geheue vertroebel nie.

Skenk uit genade aan elkeen die deursettingsvermoë wat nodig is vir elke dag se studie en voorbereiding.

Mag hulle onthou dat hul waarde as Koningskinders groter en belangriker is as dié van eksamepunte.

Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus.

*Amen.*

# Diensverhoudinge

Maandag 12 Oktober  
om 17:30  
TYD-kuier ruimte



## Ons Gebedsgroep

doen elke Dinsdag voorbidding vir die gemeente en gemeenskap



Hangklip om 09:00  
Gerimed om 11:00  
Kleinmond om 16:30



## Dissipelskap Reisgenote

Woensdae  
17:00@ Hangklipkerk  
18:30 @ Kleinmondkerk

# Leo van Israel se storie

'N GESPREK RONDOM  
'N TAFEL

*Kom deel en ontdek die  
man, die roeping en die  
reis van Leo van Israel.*



Donderdag  
15 Oktober 2026



6:00



Hangklipkerk  
Bettysbaai



RSVP :  
082 827 6074

*Kom, luister, deel...*

# Kosinsameling Tydens Nagmaal



Bring asseblief tydens Nagmaal op 18 Oktober nie-bederfbare produkte vir ons kaskas. Inkopielysies is by die deure beskikbaar



Barmhartigheidsbediening



**Barmhartigheidsbediening**

**SPEZIALE KOSINSAMELING**

**BRING SAAM MET**

**NAGMAAL 18 OKTOBER**

*Produkte wat benodig word:*

- *Blikkies Tuna*
- *Bully Beef*
- *Langlewemelk 1 liter*
- *Ricoffy 250g*
- *Suiker 1kg*
- *Weetbix 450g*
- *Mayonnaise*
- *Langlewevla 1 liter*
- *Aanmaakkoeldrank*
- *Lekkers/koekies*

**BAIE DANKIE VIR ELKE BYDRAE**

# Gemeente ♡ VERJAARSDAGFEES

*Jy is hartlik uitgenooi!*



Sondag  
18 Oktober 2026



09:00

Slegs een  
gesamentlike diens



Kleinmondkerk



NAGMAAL



BEVESTIGING

van nuwe  
Ouderlinge



KOSINSAMELING

Bring asseblief  
nie-bederfbare kositems  
vir Caritas se koskas.



Geloof ♡ Gemeenskap ♡ Omgee



# Ons Gemeente se **Verjaarsdag**

**HELP BAK SAAM MET ONS!**

Ons het jou hulp nodig om

**kolwyntjies**  
te bak!



**Wat?**

Kolwyntjies  
vir ons Gemeente  
se Verjaarsdag.



**Wanneer  
moet dit  
reg wees?**

**Saterdag  
17 Oktober 2026**



**Waar word  
dit afgelewer?**

By Kleinmondkerk  
tussen

**14:00 en 15:00**



Bevestig asseblief by

**Sandra Taljaard**

**083 308 6170**

**Baie dankie  
vir jou hulp!**

# Huldeblyk aan Marietjie Jansen van Vuuren

3/8/1940-18/7/2026

*'Kom deeljou herinnering oor Marietjie met ons'*

*'Kom deel jou herinnerings oor Marietjie met ons'*

## Gedenkdien

Saterdag 17 Oktober 2026

11h00

**NG Kerk Kleinmond**

4de Laan 65

Kleinmond

*Almal is baie welkom!  
Tee/Koffie en koek word  
bedien in die kerksaal daarna.*

Ansie Malan



Louise Meyer



Naaldekokers

Donderdae @10:00

Annette Erasmus



Ninnie Du Toit



Sally Van Heerden



Annemarie Hugo



Wilma Greeff



**Naaldekokers**

**Donderdae @10:00**

# Ete vir nuwe intrekkers

Het jy onlangs nuut ingeskakel  
by NG Kerk Kogelberg? Kom kuier saam!



Sondag, 1 November 2026



12:00



Tyd-ruimte, Kleinmondkerk, 4de Laan



Bring asb jou eie borde, eetgerei en  
drinkgoed



RSVP voor of op 26 Oktober 2026  
by die Kerkkantoor

028 271 3470 of 076 134 7147



*Ons sien uit om jou daar te sien!*



## **Saterdag 10 Oktober**

Anne Borman 082 468 0022 (PB1)  
Louie Fourie 082 434 9712 (PM3)  
Dirk Kotzé 072 592 3448 (KB5)  
Gert Pretorius 082 788 6989 (PB1)  
Willem Van Staden 082 464 2390 (PB1)  
Hennie Vermeulen 083 464 7731 (BB1a)

## **Sondag 11 Oktober**

Ansie Durand 072 319 1598 (Sa4)  
Joubert Kotzé (PM5)  
Emje Odendaal (Sa3)  
Hannes Odendaal 082 393 3224 (Bb 2)  
Sandra Taljaard 083 308 6170 (BB4)  
Heinrich van der Merwe (HK3)

## **Maandag 12 Oktober**

Hentius Barnard 083 274 1529 (PM3)  
Hermari Gresse 079 895 6340 (Sa2)

## **Dinsdag 13 Oktober**

Anton Giani 083 400 2299 (Sb4)  
Elna Hechter (BB1c)  
Christie Serfontein 083 578 7483 (BB1a)  
Danie van Zyl 072 432 0909 (KB1)  
John Whiteley 079 220 9440 (BB6)



## **Woensdag 14 Oktober**

Susan Bartman 083 635 8298 (KB5)  
Rita Bock 084 672 3193 (KB1)  
Dirk van Velden 082 809 1330 (KB6)  
Corrie van Wyk 084 586 8004 (PM3)

## **Vrydag 16 Oktober**

Herman Breedts 082 468 4701 (BB3)  
Mariëtte Eager 072 824 3232 (KP2)  
Mario Mons 071 227 4690 (BB4)  
Frans Smit 083 584 7736 (Sb1)  
Peet Steyn 082 372 9635 (Sc4)  
Thys van Eck 083 284 0145 (PB1)

*Veels geluk...*



## GROEPGESPREKKE VIR 19-23 OKTOBER 2026

### 1. Gesels bietjie saam...

- Ons almal dra verskillende “merke” of beelde van ons lewensverhaal saam. Party dinge herinner ons aan mense, plekke of belangrike oomblikke.
- Gesels saam:
  - Watter mens het deur die jare ’n besondere invloed op jou geloofslewe gehad?
  - Watter herinnering uit jou eie geloofsreis is vir jou besonders kosbaar?
  - As jy aan NG Kogelberg dink, watter een woord beskryf vir jou wat hierdie gemeente beteken?

### 2. Ons storie nou...

- ’n Verjaarsdag gee ons die geleentheid om terug te kyk én vorentoe te kyk. Ons kan terugkyk en sê: “Here, dankie vir alles wat U deur hierdie gemeente gedoen het.”
- Maar ons kan ook vra: “Here, wat wil U nog deur ons doen?”
- Gesels saam:
  - Waarin sien julle dat God deur die jare in ons gemeente gewerk het?
  - Watter gawes en sterkpunte sien julle tans in ons gemeente?
  - Waar dink julle moet ons as gemeente nog groei om werklik te floreer?
  - Wie is die mense in ons gemeenskap wat dalk nog nie ervaar dat daar vir hulle plek by God en in die kerk is nie?
- Om te floreer beteken nie noodwendig om groter te word nie. Dit beteken om diep in God gewortel te wees en sy vrug te dra. Wat sou dit prakties beteken as NG Kogelberg in die volgende jaar meer sigbaar God se beeld dra?

### 3. God se storie...

- Lees Matteus 22:15-22 weer saam
- Lees ook:
  - Genesis 1:26-27
  - 1 Korintiërs 6:19-20
  - 1 Petrus 1:18-19
- Gesels saam:
  - Wat beteken dit vir jou persoonlik dat jy God se beeld dra?
  - Wat beteken dit om te sê: “Ek behoort aan God”?
  - Wat verander wanneer ons besef dat ons hele lewe aan God behoort?
  - Hoe behoort iemand wat God se beeld dra, teenoor ander mense op te tree?

#### 4. Hoe die Bybel ons storie verander...

- Wanneer ons sê: “Ons behoort aan God,” verander dit die manier waarop ons na die gemeente kyk. Ons is nie die eienaars van die kerk nie. Ons is rentmeesters van wat God aan ons toevertrou. Dit beïnvloed:
  - Ons tyd - Waarvoor maak ek tyd as iemand wat aan God behoort?
  - Ons gawes - Watter gawes het God vir my gegee waarmee ek ander kan dien?
  - Ons verhoudings - Hoe kan mense iets van God se beeld in my manier van praat, luister, vergewe en liefhê raaksien?
  - Ons gemeente - Hoe kan ek help om NG Kogelberg ’n plek te maak waar mense God se liefde ervaar?
- En wat van ons nuwe ouderlinge? Ons het nuwe wyksouderlinge bevestig. ’n Ouderling word nie geroep tot ’n posisie van belangrikheid nie, maar tot ’n bediening van diens. Dieselfde beginsel geld vir elkeen van ons.
- Gesels saam:
  - Wat beteken dit om jouself beskikbaar te stel vir God?
  - Waar kan jy tans meer diensbaar wees binne die gemeente?
  - Hoe kan ons as groepe ons ouderlinge ondersteun en saam met hulle verantwoordelikheid neem?
  - Wat kan ons doen om toe te sien dat mense in ons wyke nie net “lede” is nie, maar werklik geken, gehoor en versorg word?
- By die Nagmaal is ons ook verander:
  - Watter deel van jou lewe vind jy die maklikste om aan God te gee?
  - Watter deel is moeiliker?
  - Waarheen roep God jou dalk om jouself meer beskikbaar te stel?
  - Hoe kan ons as groep mekaar help om meer volledig vir God te leef?
- As NG Kogelberg werklik wil floreer...
  - Wat moet ons méér doen?
  - Wat moet ons minder doen?
  - Wat moet ons begin doen?
  - Wat moet ons dalk ophou doen?

Voltooi hierdie sin: “Ek dink NG Kogelberg sal die volgende jaar meer floreer as ons...”

#### 5. Sluit af met geleentheid vir gebed...

Doen ’n kettinggebed waar elke persoon in die groep net een ding van ons gemeente noem waarvoor hy/sy vir God wil dankie sê.

Bid daarna saam vir:

- 🙏 Dankbaarheid - Vir God se trou deur die geskiedenis van die gemeente.
- 🙏 Ons nuwe ouderlinge - Dat God hulle wysheid, liefde, moed en onderskeiding sal gee.
- 🙏 Ons gemeente - Dat ons nie bloot sal probeer oorleef nie, maar werklik sal floreer.
- 🙏 Ons gemeenskap - Vir mense wat alleen, seer, onseker of ver van God voel.
- 🙏 Ons eie lewe - Dat ons elke dag sal onthou: “Ek behoort aan God. Ek dra sy beeld.”

#### 6. Lees verder saam die week...

- Maandag - Matteus 22:15-22
- Dinsdag - Psalm 1
- Woensdag - Deuteronomium 34:1-12
- Donderdag - 1 Tessalonisense 2:1-8
- Vrydag - Matteus 22:34-46